Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Junie 2012

Vernuwe deur die Gees

Lees binne...

- **Onderling verdeeld gedurende Pinkster 2012** – 2
- **Kerklike eiendomme in die NHKA** – 3
- **Ringsvergaderings 2012** – 4
- **Onderbreking van die stilte** – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Vernuwe deur die Gees (Ds Wouter van Wyk)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
  Onderling verdeeld gedurende Pinkster 2012
  Versoek aan voornemende teologiestudente
- Bl 3 **Aktuele sake**
  Kerklike eiendomme in die
  Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Dr Barry van Wyk)
- Ble 4-5 **Kerkwerf**
  Sukses vir AIM en die MRCC
  Ringsvergaderings 2012
  Dankie vir die dialoog (Ds David du Plessis)
  Emerituspredikant oorlede
  Bekende lidmaat oorlede
  Besondere Paasfees vir Kempten
  Kortliks
  Beroepe aanvaar
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
  Onderbreking van die stilte (Dr Daan van Wyk sr)
  A welcoming Australian church for South African migrants
  Salvo's oor die boeg (Dr Piet van Staden)
- Agterblad **Oordenking**
  Met nuwe krag (Ds William Harmse)

Onderling verdeeld gedurende Pinkster 2012

Dr André Ungerer, redakteur, skryf: Die skrywes vanaf die AKV aan die lidmate en die predikante van die Hervormde Kerk op 18 en 20 April 2012 onderskeidelik, is 'n keerpunt in die onverkwiklike stryd wat die afgelope 20 maande in felheid toegeneem het.

Sedert Besluit 54 met die 69ste AKV geneem is, was daar nie rus of duurte nie. In aanloop tot die Buitengewone AKV (BAKV) van 2011 het die polarisasie vererger. Die BAKV kon nie daarin slaag om tevredenheid by die beswaardes te bewerkstellig nie en spanning het na afloop van die vergadering opgebou. 'n Bemiddelingskomitee is in die lewe geroep om met 'n groep beswaarde ampsdraers en lidmate in gesprek te tree om die saak te besleg. Dit blyk tevergeefs te wees.

Ten tye van die finalisering van hierdie uitgawe het dit aan die lig gekom dat enkele gemeentes poog om die Kerkorde te omseil ten einde gemeente-eiendom te vervreem en aan 'n vereniging oor te dra.

Wat die uiteinde van hierdie kommerwekkende tendens gaan wees, sal net die tyd leer. Die skrywes van die Kommissie wek die verwagting dat daar ferm opgetree gaan word teen ampsdraers en lidmate wat hulle nie aan die Kerkorde wil onderwerp nie. Die Kerk behoort ernstig voorbidding vir die Kommissie en alle belanghebbendes te doen sodat die belangebotsing op geloofwaardige wyse besleg kan word.

Lidmate kan met reg wonder wat die uiteindelike skade aan die Kerk gaan wees. Die kerk in die wêreld gaan oor die algemeen mank aan geloofwaardigheid, daarvan getuig die snedige kritiek wat op soveel maniere in die media na vore kom. Wat is die boodskap wat hierdie voortslepende konflik na die wêreld kommunikeer? Dat 'n kerk wat so onderling verdeeld (Matt 12: 25) is beslis nie ernstig opgeneem kan word nie? Die kerk word uitgelag terwyl allerlei karikature van die kerk geskep word, en algaande verdwyn enige behoefte aan die kerk as bemiddelaar van die heilsgebeure. Geen wonder nie dat die kerk as instituut in hierdie dae vaarwel toegeroep word en 'n toenemende aantal Christene hul heenkome vind in huiskerke en ander para-kerklike strukture.

Dit is tans die stand van die kerk, in besonder die Hervormde Kerk, gedurende Pinkster 2012 – onderling verdeeld en in stryd met haarself, terwyl die wêreld enersyds geamuseerd toekyk en andersyds uit ons strydende gesigsveld vervaag. Die oes staan wit op die lande terwyl die arbeiders mekaar met sekels toetakel.

****

Vernuwe deur die Gees

Ds Wouter van Wyk van Gemeente Verwoerdburg skryf oor die krag van die Heilige Gees. Die sleutelvraag is watter funksie die Heilige Gees prakties in ons lewens het. Dit is maklik om bloot teoreties na Christus se verlossing te verwys. Dit is egter ook belangrik dat ons insien dat hierdie verlossing deur Christus 'n verandering by ons wek. Die heilswerk van Christus lei noodwendig tot die heilswerk van die Heilige Gees. Paulus beklemtoon dit juis wanneer hy pleit dat ons deur die Gees 'n einde moet maak aan ons sondige praktyke (Rom 8: 13). Hierdie gedagte eggo later ook in die bekende gedeelte in Romeine 12: 2a: *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe*.

Die Heilige Gees roep ons om ons lewens te verander. Die Gees laat ons opstaan tot 'n nuwe lewe – 'n lewe wat dikwels teenoor die wêreldse leefwyse staan. Want God is nie soos die wêreld nie. Daarom praat ons ook van die HEILIGE Gees. Om van die Heilige Gees te praat, is om te kenne te gee dat Hy nie maar net 'n gees van die wêreld is nie. *Heilig* dui daarop dat God anders as die dinge van die wêreld is. En daarom moet God se kinders ook nie aan die wêreld gelyk word nie.

Indien die Heilige Gees in ons leef, behoort hierdie *heiligheid* ook in ons leefwyse deur te syfer. Dit gaan beïnvloed hoe ons ons geloofslewens inrig, ons Bybels lees en ons kinders grootmaak. Dit beïnvloed hoe ons mense by die werk hanteer en die wyse waarop ons konflik benader.

Daarom behoort dit 'n mens opgewonde te maak wanneer jy hoor die Kerk probeer in Christus se voetspore volg. Dit wys dat die Kerk by God rigting soek en na die stem van die Heilige Gees probeer luister. Want die Heilige Gees wys na Christus, en slegs deur die krag van die Heilige Gees sal ons hierdie pad kan aanpak.

Daarom hoef ons nie huiwerig te wees om in gesprekke oor die Heilige Gees betrokke te raak nie. Ons ken tog die Heilige Gees. Ons herken die Heilige Gees telkens wanneer ons sien hoe ons gemeentes opnuut weer opreg in Christus se voetspore probeer volg.

Maar ons hoef nie eens so wyd te kyk nie. Ons sien die Heilige Gees daagliks raak in ons gemeentelede. Wanneer daar by Bybelstudies so 'n gevoel van gemeenskap heers dat mense bereid is om van hul grootste bekommernisse en vreugdes met mekaar te deel, sien ons die werking van die Heilige Gees. Ons sien hoe die Heilige Gees werk wanneer dwelmafhanklikes stadig maar seker hul lewens weer op koers kry. Wanneer gebroke verhoudings deur gelowige versoening herstel word.

Dít is ons hoop – die hoop wat nie beskaam nie, omdat God so, deur die Heilige Gees, sy liefde in ons harte uitgestort het.

****

Kerklike eiendomme in die NHKA

Dr Barry van Wyk skryf dat in die Kerkorde van die NHKA in Ordereël 4 kerkordelik aandag geskenk word aan die kerkbegrip wat in die Kerk ter sprake kom. Daaragter lê 'n uiters interessante teologiese debat wat die 19-eeuse Nederland as agtergrond het. Dit hang saam met die vraag na die selfstandigheid van die gemeente.

Die vraag wat egter die aandag verg in die huidige tydsgewrig, is hoe ons bepaalde kerkbegrip gemeentelike eiendomme raak in die lig van die feit dat die Kerkorde stel dat 'n gemeente 'n regspersoon is wat selfstandig kan handel (Ordinansie 4.1.16). Uit die aard van die saak is die gemeentelike eiendom in die naam van die gemeente getransporteer waarmee die gemeente handel na goeddunke, weliswaar met toestemming en medewete van die ringsvergadering en die Raad van Finansies {Ordinansies 3.3.2 (xvii); 9.2.2.4 (iv)]. Dit was selde 'n dispuut in die Kerk aangesien gemeentes daarna gestreef het om dienlike geboue wat funksioneel is in die uitvoering van hul opdrag te bekom en te behou.

Die saak is egter meer genuanseerd, veral in die huidige omstandighede waarin die Kerk hom bevind. Die vraag waaroor dit eintlik gaan, is of 'n gemeente met meerderheid van stem kan besluit om die NHKA te verlaat en derhalwe ook die gemeentelike eiendomme saamneem?

Dr Van Wyk kom tot dié gevolgtrekking: Die Kerkorde maak slegs voorsiening vir die samesmelting (Ordinansie 4.7) of ontbinding (Ordinansie 4.8) van gemeentes, en in albei voorbeelde word in die

samesmeltings- en ontbindingsooreenkomste voorsiening gemaak vir die beskikking oor roerende en onroerende eiendom van die gemeente. Ontbinding is meer ingrypend as samesmelting, en daarom stel die Kerkorde dit duidelik dat slegs onder bepaalde omstandighede, by uitsondering dus, soos die daling van lidmaatgetalle en die finansiële agteruitgang, dié weg gevolg word. Dit is begryplik, want die bedoeling is dat die Kerk in sy gemeentes sal bly voortbestaan. Daarbenewens verleen die Kerkorde ook geen sodanige gesag aan die gemeentevergadering om die Hervormde Kerk te verlaat en derhalwe sy eie bestaan op te hef nie (Ordinansie 4.4). Gemeentelike eiendom is in die naam van ’n bepaalde Hervormde gemeente geregistreer. Indien ’n gemeente ophou bestaan, is hy nie meer die eienaar van die onroerende bate nie en kan hy ook nie verder daaroor beskik nie.

’n Gemeente kan dus nie met meerderheid van stem besluit om die Nederduitsch Hervormde Kerk met eiendom en al te verlaat nie, ten spyte van die feit dat die Kerkorde toegee dat die gemeente ’n regspersoon is wat selfstandig kan handel in die verkryging of vervreemding van eiendom. Die regspersoonlikheid van ’n gemeente binne die Hervormde Kerk is geldig in soverre ’n gemeente binne die grense van die Kerk bly. Behalwe dit, is verskille van mening in elk geval geen rede om as gemeente met meerderheid van stem die bestaande kerk te verlaat en ook die gemeentelike eiendomme op te eis nie.

Dit is goed om ook in gedagte te hou dat die kerk uit lidmate bestaan wat in gemeentes selfstandig georganiseer is (Ordereël 4). Laasgenoemde is sodat die kerk se werk ordelik gedoen kan word en is geen grootheid as sodanig wat in ’n kerkverband toegetree het en die kerkverband weer kan verlaat nie. As gemeentes nie meer selfstandig kan bestaan nie, word sodanige gemeente se lidmate opgelos deur ontbinding in individuele lidmate wat weer by ander gemeentes ingeskakel word.

****

Ander berigte

Lees van **Gemeente Kempten** se besondere Paasfees, en die onlangse suksesse van **AIM en die MRCC**. Daar is ook ’n uitnodiging van die **Christian Reformed Church of Australia** aan lidmate wat hulle in dié land wil vestig, en ’n interessante uiteensetting deur **dr Piet van Staden** van die universele behoeftes van mense. **Ds William Harmse** van Alberton-Wes moedig ons in die Oordenking aan om te leef en te werk as mense wat werklik glo dat die Heilige Gees by ons is.